Western Cape Government

Western Cape Education Department
Directorate: Curriculum FET

# AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL

## HERSIENINGSBOEK
## 2025 KWARTAAL 2

## Graad 11

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die tweede kwartaal onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal.

**INHOUDSOPGAWE**

HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK ........................................ 2
LEESBEGRIP ........................................ 3
OPDRAG 1 ........................................ 7
DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD ........................................ 9
DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD ........................................ 10
DIE LIDWOORD ........................................ 11
DIE TELWOORD ........................................ 11
DIE WERKWOORD ........................................ 12
DIE BYWOORD ........................................ 13
DIE VOEGWOORD ........................................ 13
DIE VOORSETSEL ........................................ 14
DIE TUSSENWERPSEL ........................................ 14
OPDRAG 2-5 ........................................ 15
MEMORANDUMS ........................................ 17

**HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK**

- Jy kan hierdie hersieningsboek gebruik om vir Vraestel 1 voor te berei.
- Die inligting in hierdie hersieningsboek sluit aan by die lesse van Kwartaal 2 van 2021.
- Doen AL die oefeninge in die hersieningsboek. Gebruik 'n tweetalige woordeboek om jou met die spelling van vreemde woorde te help.
- Vergelyk jou antwoorde van die oefeninge en opdragte met 'n maat s'n. Sodoende sal julle by mekaar kan leer.
- Onthou ook dat jou antwoorde nie presies soos dié in die memorandum hoef te wees nie, solank dit nog steeds dieselfde betekenis oordra.
- Die teken  dui aan dat dit wat in die blokkie staan iets belangriks is wat jy moet leer.
- Die teken  dui aan dat jy 'n oefening in jou werkboek moet doen.

**Voorspoed met take en eksamen!**

**LEESBEGRIP**

**Wenke vir Leesbegrip**

Een van die belangrikste vaardighede vir enige leerder is om te kan lees. Lees is in elke vak op skool nodig. Om goed te vaar, moet jy egter verstaan wat jy gelees het.

Wanneer jy 'n leesstuk in die toets of eksamen kry, moet jy dit TWEE KEER lees.
Vra die volgende vrae:

- Watter soort teks is dit? Is dit 'n tydskrifartikel (*magazine article*) of 'n koerantartikel (*newspaper article*)?
- Wie (Wie is die mense/diere waaroor die artikel gaan?)
- Wat (Wat is interessant omtrent die persoon?)
- Wanneer (word daar tyd aangedui)?
- Waar (Waar vind die gebeurtenis plaas? Waar kom die persoon vandaan?)
- Waarom (Kan ons iets leer? Is die persoon 'n rolmodel?)

Om regtig te verstaan wat jy lees, moet jy die volgende kan doen:

- **Soeklees** *(study the text/ look for important information);*
- **Vluglees** (*read through);*
- **Maak aantekeninge** *(notes)* in die kantlyn *(margin)* langs die paragraaf;
- **Kernwoorde kan uitken** (*Identify keywords).*

Hou hierdie vaardighede in gedagte wanneer jy die volgende teks gaan lees.

**Luister gerus hierna:** (Bron: Youtube)

https://drive.google.com/file/d/1S2O-K3O4I_buDijurSrH9SzQTR2cM-Q8/view?usp=sharing

**Lees die tydskrifartikel deur en beantwoord die vrae.**

**OPRAH WINFREY HELP MEISIE VAN SOWETO OM DOKTER TE WORD**



*Boitumelo saam met ouma Lydia Nonyana en ma Arcilla Theepe*

Die leesstuk gaan oor Boitumelo Theepe.

Boitumelo en haar ouma Lydia is na aan mekaar.

1. Jare gelede, toe sy nog 'n kind was, het Boitumelo Theepe haarself belowe om eendag 'n dokter te word. **Soggens** baie vroeg het Boitumelo buite 'n Soweto-kliniek saam met haar ouma lank gewag om 'n dokter te sien. Haar ouma Lydia het aan **hipertensie** gely.

Sy wou 'n dokter word.

Sy het saam met haar ouma dokter toe gegaan. Daar was baie mense.

2. Boitumelo Theepe (24) was in die *Oprah Winfrey Leadership Academy for Girls* en het in Desember 2018 by die Universiteit Stellenbosch (US) as 'n mediese dokter **gekwalifiseer.**

**Waar** het sy studeer? **Wanneer** het sy dokter geword?

3. **Wetenskap** en "hoe die liggaam werk" is haar belangstelling en sy werk tans as 'n intern by die Groote Schuur-hospitaal. "Ek is omtrent aan die diep kant ingegooi, maar dit het my **vinnig geleer om te swem**!"

Par. 3 en 4 sê meer oor haar werk as dokter.

4. "Ons werk met al die chroniese siektes bv. TB, MIV en alle **aansteeklike siektes**. "Ek **geniet** dit so om my pasiënte te help en te weet hierdie is iemand se ma, iemand se pa of iemand se ouma wat nie hoef te wag om mediese aandag te kry nie," sê sy.
5. Boitumelo Theepe is in Soweto gebore en daar deur haar ouma, Lydia Nonyana, grootgemaak omdat haar ouers albei op 'n ander plek moes gaan werk soek. Haar pa, Tahleho, is 'n mynwerker en haar ma, Arcilia, was 'n verkoopsdame.

> Waar is kom Boitumelo vandaan? Wat lees jy oor haar ouers?
> Wie het haar grootgemaalk?

6. Terwyl sy in Soweto op skool was, is sy deur haar **onderwysers** gevra om by die *Oprah Winfrey Leadership Academy for Girls* aansoek te doen.

> Wie sê vir Boitumelo van Oprah se akademie?

7. "Omdat my ouma nie so goed kon skryf nie, moes ons die **buurvrou** vra om die vorms te help invul. "Toe ek Oprah Winfrey ontmoet, het ek gesien hoe mooi sy is. Dit het gelyk of sy pas uit die TV gespring het! Sy is baie warm, vriendelik en snaaks."

> Boitumelo ontmoet (meet) vir Oprah.

8. Theepe sal nooit die dag vergeet toe sy gehoor het sy is deur die akademie aanvaar nie. "My ouers **gehuil** omdat hulle **bly** was."

> Ouers is bly.

9. Volgens die skool het Boitemelo Theepe spesiale **eienskappe,** naamlik vriendelikheid, **geduld,** harde werk, wat ook goeie eienskappe is om te hê as jy 'n dokter is. Theepe se belangstellings sluit sang in en sy het verlede jaar in die US se gospelkoor gesing. "Ek hou ook van **toesprake**, lees, om met vriende te kuier en ek is lief om in Kaapstad rond te loop."

> Wat doen Boitumelo as sy nie werk nie?

10. My ma, my ouma en Oprah is my rolmodelle. "Oprah het my lewe verander. Ek bewonder haar nie net van ver af nie, maar beskou haar as 'n **moederfiguur.** Haar liefde **maak 'n groot verskil** in mense se lewens. Ek hoop ek kan dieselfde deur my werk as dokter doen."

> Wie is Boitumelo se rolmodelle. Kan jy 'n rede gee hoekom sy dié mense gekies het?

Aangepas uit: *Vivus (Universiteit van Stellenbo*

| |
|---|
| ***Paragraaf 1***<br>Soggens – in the morning<br>Hipertensie – high blood pressure |
| ***Paragraaf 2***<br>gekwalifiseer – qualified |
| ***Paragraaf 3***<br>wetenskap - science<br>vinnig geleer om te swem – *learn how to swim (figurative meaning – learn how to survive)* |

| |
|---|
| ***Paragraaf 4***<br>aansteeklike siektes – infectious disease<br>geniet – to enjoy |
| ***Paragraaf 5***<br>mynwerker – mineworker/ miner<br>verkoopsdame – sales lady |
| ***Paragraaf 6***<br>onderwysers – teachers |
| ***Paragraaf 7***<br>buurvrou – neighbour |
| ***Paragraaf 8***<br>gehuil - cried<br>bly was – was happy |
| ***Paragraaf 9***<br>eienskappe - characteristics<br>geduld - patience<br>toesprake – speeches |
| ***Paragraaf 10***<br>moederfiguur – mother figure<br>maak 'n groot verskil – to make a big difference |

**STAP 1: SOEKLEES**

By hierdie stap moet ons presies doen wat die woord sê: Ons moet sekere inligting in die leesstuk **soek**.

- Kom ons lees die **opskrif *(heading)***: **OPRAH WINFREY HELP MEISIE VAN SOWETO OM DOKTER TE WORD**
- Kyk ook of daar enige prente of foto's is. Dit kan ook help om die teks te verstaan. Die foto van Boitumelo saam met haar ma en ouma sê vir ons baie dinge. Sy het ook 'n toga ("*graduation gown*") aan wat vir ons wys dat sy 'n graad ontvang het.

  Die belangrikste*(important)* woorde: Oprah (bekende TV-persoon) het iemand van Soweto gehelp om 'n dokter te word.

  Lees die **eerste paragraaf:**
  Boitumelo het as kind saam met haar ouma dokter toe gegaan.
  Hulle moes lank wag, omdat daar min dokters was.
  Boitumelo het daar besluit om 'n dokter te word.

  - Lees die **slotparagraaf:**

  Boitumelo het drie (3) rolmodelle. Haar ma, ouma en Oprah. Oprah was soos 'n ma vir Boitumelo. Boitumelo wil ook (soos Oprah) 'n groot verskil maak.

**STAP 2:** Lees **elke ander paragraaf (paragraaf 2 tot 9)** en skryf elke keer in die **kantlyn** *(margin)* neer hoe dit by die titel pas. Die woorde in die blokkies sal jou help.

As jy iets in 'n paragraaf nie verstaan nie, of 'n vraag daaroor het, moet jy jou **vraag** ook **neerskryf**. Jy kan 'n **potlood** gebruik en aan die kant van elke paragraaf skryf hoe daardie paragraaf by die opskrif pas.

**Stap 3: Maak 'n kring ('n sirkel) om elke moeilike*(difficult)* woord**

In paragraaf 2 kan jy byvoorbeeld 'n kring trek om "gekwalifiseer" Die woord beteken om klaar te studeer. Boitumelo is nou 'n mediese dokter.

**Wenk**: Die ander woorde in die paragraaf of woorde in die ander paragrawe sal jou baiekeer help om moeilike woorde te verstaan. Jy kan ook die woordverklarings onderaan die leesstuk gebruik.

**Stap 4: Lees** die **vrae** deur en **onderstreep die kernwoorde**.
"Kernwoorde" beteken die belangrikste woorde in die vraag. Dit beteken die ding wat eintlik gevra word en wat jy in jou antwoord moet neerskryf.
As jy hierdie stap doen, sal jy seker maak dat jou antwoord by die vraag pas.

**Stap 5: Onderstreep *(underline)*** die **antwoorde** in die **leesstuk** en **nommer** dit dieselfde as die vrae.
Kyk byvoorbeeld na Vraag 1.12 hier onder. Dit gaan oor DRIE rolmodelle van Boitumelo. Kyk weer na die goed wat jy langs elke paragraaf geskryf het. Lees weer wat jy by paragraaf 10 geskryf het.

**Stap 6:** Beantwoord die vrae.
Dink nog 'n keer mooi oor die antwoord van elke vraag en skryf dit dan neer.



**OPDRAG 1: Beantwoord die volgende vrae in jou werkboek.**

1.1 In watter plek was die kliniek waarheen Boitumelo haar ouma geneem het? (1)

1.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Haar ouma het aan hipertensie gely. Dit beteken dat haar ouma (hoë bloeddruk / lae bloeddruk) gehad het. (1)

1.3 Hoekom, dink jy, het Ouma Lydia so lank gewag om 'n dokter te sien? (1)

1.4 Aan watter universiteit het Boitumelo Teepe gestudeer? (1)

1.5 Wat omtrent Boitumelo se werk as dokter is vir haar baie interessant? Noem EEN feit. (1)

1.6 1.6.1 Word die woorde "vinnig geleer om te swem" in par. 3 **letterlik** of **figuurlik** gebruik? (1)

1.6.2 Die woorde beteken …

A Sy moet self leer om goed te swem.
B Sy moet leer om die druk te hanteer.
C Sy moet leer om baie oefeninge te doen.
D Sy moet mense aanmoedig om te swem. (1)

1.7 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 4 aan wat vir ons sê dat Boitumelo Teepe baie van haar werk hou. (1)

1.8 Pas elk keer die beskrywing in KOLOM B by die mense in KOLOM A. Skryf slegs die nommer 1.8.1 – 1.8.4 en die regte letter A-E neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.8.1 Die buurvrou | A. … het Boitemelo aangemoedig. |
| 1.8.2 Haar ouers | B. … het vir Boitemelo grootgemaak. |
| 1.8.3 Ouma Lydia | C. … het van blydskap gehuil. |
| 1.8.4 Die onderwysers | D. … het gehelp om die vorms in te vul. |
| | E. … het haar universiteitsgeld betaal. |

(4)

1.9 Sê waarom die volgende stelling ONWAAR is.
Boitumelo se ouers het ook in SOWETO gewerk. (1)

1.10 Boitumelo het Oprah uiteindelik ontmoet.
Noem TWEE goed wat Boitumelo van Oprah opgelet het. (2)

1.11 Wie was die DRIE rolmodelle in Boitumelo se lewe? (3)

1.12 Noem enige EEN van Boitumelo se goed wat sy doen as sy nie studeer of werk nie. (1)

1.13 Boitumelo Teepe is 'n goeie rolmodel vir elke jongmens.
Lees weer paragraaf 9.
1.13.1 Skryf EEN karaktereienskap van haar neer. (1)
1.13.2 Sê hoe sy vir jongmense 'n goeie voorbeeld is. (1)

1.14 In die laaste paragraaf sê Boitumelo oor Oprah:
"Haar liefde maak 'n groot verskil in mense se lewens."
Hoe dink jy sal Boitumelo 'n groot verskil in mense se lewens kan maak?

(1)
**[22]**

## TAALSTRUKTURE EN – KONVENSIES: WOORDSOORTE

### DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD

- ***Soortnaam:*** *Dis al die goed rondom jou. Dink aan die plek waar jy bly. Kyk of jy die volgende kan vind:*
  *'n Tafel, 'n stoel,'n kind, koppie, koffie, pap, ens. Dink aan die skool. Daar sien ons goed soos: banke, vensters, onderwysers, motors, skryfborde, ens. Al die dinge word* ***soortname*** *(common nouns) genoem.*

- ***Eienaam:*** *Die name wat ons aan die goed gee, staan as eiename bekend. Bv. Ricoffy (naam van koffie), Sipho (naam van seun), Toyota (naam van motor), Bulumko (naam van skool) en Mfuleni (naam van 'n plek)*
  *Hierdie woorde skryf ons altyd met 'n hoofletter.*

- ***Abstak:*** *Voorbeelde is liefde en haat.   Dit het met ons emosies te doen.*

- *Onthou die soortname kan ook in* ***meervoude*** *en* ***verkleinwoorde*** *gebruik word. Hier is 'n paar voorbeelde wat jy kan leer.*

| WOORD | MEERVOUD | VERKLEINWOORD | | WOORD | MEERVOUD | VERKLEINWOORD |
|---|---|---|---|---|---|---|
| pa | pa's | pa'tjie | | koning | konings | Koninkie |
| ma | ma's | ma'tjie | | tafel | tafels | Tafeltjie |
| Kat | Katte | katjies | | perd | perde | Perdjie |
| hond*(dog)* | Honed | hondjies | | skool | skole | Skooltjie |
| Kind | kinders | kindjie | | foto | foto's | foto'tjie |
| Ouma | oumas | oumatjie | | oog | oë | Ogie |
| Pen | Penne | pennetjie | | bank | banke | Bankie |
| Boek | Boeke | boekie | | seun | seuns | Seuntjie |
| piesang*(banana)* | piesangs | piesankie | | motor | motors | Motortjie |

***Geslag:*** *Wat is die teenoorgestelde geslag van* ***VROU****? Ja, jy is reg … Dit is* ***MAN****.*
*Hier volg  nog voorbeelde:*

| MANLIK | VROULIK | | MANLIK | VROULIK |
|---|---|---|---|---|
| Broer | suster | | prins | prinses |
| Kêrel | meisie | | neef | niggie |
| Gasheer | gasvrou | | oom | tannie/tante |
| Pa | ma | | stiefpa | stiefma |
| Oupa | ouma | | bruid | bruidegom |
| Vriend | vriendin | | bul | koei (diere) |
| Man | vrou | | koning | koningin |
| Seun | meisie | | hings | merrie (perde) |
| Jongman | jongmeisie | | mannetjie | wyfie (diere) |

## DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD

***Hierdie woorde beskryf die selfstandige naamwoorde.***

*Die mooi seun. Die woordjie* ***mooi*** *beskryf die seun. ( seun = selfstandige naamwoord).*

*Jy kan ook sê. Die seun is mooi.*

*Die blou rok. Die woordjie* ***blou*** *beskryf die kleur van die rok. (rok = selfstandige nw.)*

*Jy kan ook sê. Die blou rok.*

*Soms wanneer die byvoeglike naamwoord voor die selfstandige naamwoord geplaas word, verander sy vorm.*

*Voorbeelde: Die boom is hoog.*

*Die hoë boom.*

### *LETTERLIKE EN FIGUURLIKE BETEKENIS*

*Onthou die letterlike betekenis is iets wat jy kan sien, bv. Die koppie breek.*

*Maar as ek sê die meisie se hart is "gebroke" beteken dit sy is hartseer. As ons 'n uitdrukking (expression) in Afrikaans gebruik, word die figuurlike taal gebruik. Voorbeeld: Môre sal die son weer skyn. Letterlike betekenis: Dit gaan 'n sonnige dag wees. Figuurlike betekenis: Dit sal weer beter gaan.*

### *TRAPPE VAN VERGELYKING (DEGREES OF COMPARISON)*

**Byvoeglike naamwoorde word soms met mekaar vergelyk. Die drie trappe staan bekend as die Stellende trap – VERGROTENDE TRAP (comparative form) en OORTREFFENDE TRAP (superlative form)**

Leer die volgende voorbeelde:

| STELLENDE TRAP | VERGROTENDE TRAP | OORTREFFENDE TRAP |
|---|---|---|
| nuut *(new)* | Nuwer | Nuutste |
| Swak | Swakker | Swakste |
| Vriendelik | Vriendeliker | Vriendelikste |
| lig | Ligter | ligste |
| Lekker | Lekkerder | lekkerste |
| Opgewonde | meer opgewonde | mees opgewonde |
| baie | meer | (die) meeste |
| bietjie (min) | Minder | (die) minste |
| Goed | Beter | (die) beste |

***INTENSIEWE VORM***

***In Afrikaans het ons 'n intensiewe (versterkte) vorm om sekere byvoeglike naamwoorde uit te druk. Leer die volgende…***

| WOORD | INTENSIEWE VORM | | WOORD | INTENSIEWE VORM |
|---|---|---|---|---|
| Doof | Stokdoof | | klein | piepklein |
| Blind | Stokblind | | dun | plankdun |
| Geel | Goudgeel | | helder | kristalhelder |
| Blou | Potblou | | droog | kurkdroog |
| Groen | Grasgroen | | dronk | smoordronk |
| Wit | Spierwit | | verlief | smoorverlief |
| Bekend | Wêreldbekend | | min | bloedmin |
| Hard | Kliphard | | koud | yskoud |

**DIE LIDWOORD**

*Die woorde word voor die selfstandige naamwoord geplaas.*

| **Die** | **'n** |
|---|---|
| **Die** seun werk by die perdestalle. (spesifieke seun)<br>**Die** kind het weggeloop. (spesifieke kind)<br>**Die** perd se naam is Kaizer. | **'n** Seun werk by die perdestalle. (enige seun)<br>**'n** Kind het weggeloop. (Niemand weet wie die kind is nie.)<br>**'n** Perd het seergekry. (enige perd) |

**DIE TELWOORD**

*Die woorde dui aan hoeveel diere, mense, goed daar is.*

*Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde ..*

| | **Hooftelwoorde** | **Rangtelwoorde (Dui posisie aan.)** | | **Hooftelwoorde** |
|---|---|---|---|---|
| 1 | Een | Eerste | 20 | twintig |
| 2 | Twee | Tweede | 30 | dertig |
| 3 | Drie | Derde | 40 | veertig |
| 4 | Vier | Vierde | 50 | vyftig |
| 5 | Vyf | Vyfde | 60 | sestig |
| 6 | Ses | Sesde | 70 | sewentig |
| 7 | Sewe | Sewende | 80 | tagtig |
| 8 | Ag | Agste | 90 | neëntig / negentig |
| 9 | Nege | neënde / negende | 100 | eenhonderd |
| 10 | Tien | Tiende | 240 | tweehonderd-en-veertig |

## DIE VOORNAAMWOORD

Onthou sommige voornaamwoorde staan in die plek van 'n selfstandige naamwoord.

*John eet John se pap*. In plaas daarvan dat ons elke keer John se naam herhaal, kan ons net skryf. John eet **sy** pap.

Kyk na die volgende voorbeelde:

| | | |
|---|---|---|
| **Ek** eet **my** pap. | Die pap is **myne.** | Ek = persoonlike voornaamwoord, my en myne = besitlike v.nwe. |
| John eet **sy** pap | Die pap is **syne**. | Sy en syne = dui aan dat die John ('n seun) se pap is. |
| Tumi eet **haar** pap. | Die pap is **hare**. | Haar/hare = dui dat dit Tumi ('n meisie) se pap is. |
| **Jy** eet **jou** pap. | Die pap is **joune**. | Jou/joune = dui aan wie se pap dit is. |

Die vetgedrukte woorde hier onder is ook voornaamwoorde:

Die man **wat** daar loop, is my pa.

Die stoel **waarop** jy sit, is stukkend.

Die pen **waarmee** jy skryf, is mooi.

**Wie se** boek is dit?

**Wat** is die seun se naam?

**'n Mens** moet altyd hoflik wees.

## DIE WERKWOORD

- **Selfstandige werkwoorde** beskryf die handeling (aksie) van 'n sin. Voorbeelde: loop, eet, praat, sing, speel, hardloop, spring, ens.
- **Hulpwerkwoorde** is woorde wat verlede tyd en toekomende tyd aandui.
  Die kind het gespeel. Die meisie het gepraat. (het + ge…) dui verlede tyd aan.
  Die kind sal speel. Die meisie sal praat. (sal dui toekomende tyd aan)
- **Koppelwerkwoorde** word gebruik wanneer koppeling van die werkwoord nodig is.
  Die vrou **is** vining.
- **Die infinitief:** Dis gewoonlik wanneer die werkwoord na **te** of **om te** gebruik word.

  So gebruik ons o**m te:** Dis maklik **om te** swem. Die seun probeer hard **om te** studeer. **Om** vinnig **te** loop, is lekker oefening. Jy moet leer **om te** ry.

  So word **te** gebruik: Hy behoort hard **te** werk. (behoort + te) Jy hoef nie so vinnig **te** loop nie. (hoef + te).

## DIE BYWOORD

**Hierdie woorde gee meer inligting oor die plek, tyd of wyse. Dit beskryf werkwoorde, maar kan ook byvoeglike naamwoorde, telwoorde of ‘n ander bywoord bepaal.**

**Bywoorde van tyd. WANNEER?**

Sipho was gister siek.  Die woordjie sê vir ons wanneer Sipho siek was.

Ek gaan môre dokter toe. Die woordjie sê wanneer ek dokter toe gaan.

**Bywoorde van plek. WAAR?**

Dit reën buite Die woordjie sê vir ons waar dit reën.

Jy moet hier skryf. Die woordjie sê vir ons waar jy moet skryf.

**Bywoord van wyse/manier. HOE?**

Die kind het hard gewerk. Die woordjie sê hoe die kind gewerk het.

Sipho was baie siek. Die woordjie sê hoe siek Sipho was.

Onthou as ‘n sin meer as een bywoord bevat, is die volgorde altyd TYD, WYSE en dan PLEK.

Voorbeelde:

| **Onderwerp (Persone)** | **Werkwoord 1** | **Tyd** | **Wyse** | **Plek** | **Werkwoord 2** |
|---|---|---|---|---|---|
| Die mense | Werk | elke dag | baie hard | op die plaas. | |
| Die leerders | Het | gister | baie hard | by die huis | geleer. |
| Lilitha | Sal | môre | | hier by die skool | oefen. |

## DIE VOEGWOORD

Die woorde voeg twee sinne bymekaar.

**Groep 1:** Voorbeelde: maar, en, want, of

Voorbeelde in sinne:

- Ek gaan goeie punte kry. Ek het hard geleer. (want)

  Ek gaan goeie punte kry, **want** ek het hard geleer. (Ek word in tweede sin met ‘n klein letter geskryf.)

- Lucky is arm. Hy is baie trots. (maar)
  Lucky is arm, **maar** hy is baie trots. (Hy word in die tweede sin met ‘n klein letter geskryf.)

- Hy sal na skool gaan studeer. Hy gaan werk soek. (of)
  Hy sal na skool gaan  studeer, of hy gaan werk soek. (**Hy** word in die **tweede sin** met 'n **klein letter** geskryf.)

  ***Onthou die **woordorde van die tweede sin verander** nie.

  ***Daar is 'n **komma voor die voegwoord**.

## DIE VOORSETSEL

Die voorsetsel is 'n verbindingswoordjie.

Voorbeelde: op, agter, bo, langs, in, deur, met, onder, uit, van, ens.

Leer die volgende voorbeelde:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| In | Die man woon **in** Kaapstad. | | aan | Hy behoort **aan** 'n sanggroep. |
| | Ek glo **in** God. | | | Die vrou ly **aan** 'n siekte. |
| | Die skelm word **in** hegtenis geneem. | | | Die man is verslaaf **aan** dwelms. |
| Op | Die kind is nog **op** skool. | | onder | Die hond lê **onder** die tafel. |
| | Sipho is verlief **op** Amy. | | agter | Die onderwyser staan **agter** die tafel. |
| | Plaas die deksel **op** die pot. | | met | Die ouers is tevrede **met** die rapport. |
| Vir | Sipho is lief **vir** Amy. | | | Ek praat **met** jou! |
| | Moenie **vir** hom lag nie. | | | Sipho wil **met** Amy trou. |
| | Die ma sorg **vir** haar baba. | | na | Ek kyk **na** my klein sustertjie. |

## DIE TUSSENWERPSEL

Die woorde is uitroepe wat gevoelens uitdruk.

Leer die volgende …

| **Tussenwerpsel** | **Emosie/ gevoelens** |
|---|---|
| Sies tog! | Voel jammer; |
| Hoera! | Opgewonde, gelukkig, bly; |
| Genugtig! | Kwaai, kwaad, verbaas; |
| Aitsa! | Iets is oulik; |
| Sjoe! | Verbaas, bewonder, moeg; |
| Sjuut! | Bly stil / moenie hard praat nie; |
| Eina! | Uitroep as iemand seerkry. |

**OPDRAG 2: Lees die teks deur en beantwoord die vrae.**

**Bekende Oupa se kleinseun het getrou**



Mandla Mandela het met sy **2.1 (vriend)** van drie jaar getrou. Mandla is die kleinseun van die geliefde oud-president Mandela. President Mandela is in1995 **2.2 (oorlede)**. Mandla het op die **2.3 (tradisie)** manier getrou. Sy **2.4 (oupa)** was **2.5 (beroemd)**. Daar was **2.6 (belangrik)** **2.7 (mens)** by die troue.

In die laaste dag in **2.8 (Februarie)** het hulle reeds vroeg begin. Die son het **2.9(geel)** oor die **2.10 (groen)** gras van die vallei geskyn. Die **2.11 (mans)** het bymekaar gekom om die *umakoti* (bruid) vir die groot **2.12 (dag)** te help regmaak.

Mandla het **2.13 (in/op)** sy jong perd gery. Dit was 'n **2.14(geskenk)** van die oudstes dat hy nou 'n **2.15 (klein)** man is.

Die nuwe vrou het **2.16 (mooi)** as die ander meisies gelyk. **2.17 (Haar/Sy)** gesig was met *iyambane* (krale) bedek om respek **2.18 (…)** wys.

Mandla se bruid moes 'n spies in die grond steek. Dit dui aan dat **2.19 (sy/hy)** deur die **2.20 (voorvader)** aanvaar word.

Verwerk uit: *Afrikaans Sonder Grense Studiegids*

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG. | (1) |
| 2.2 | Gee 'n SINONIEM. | (1) |
| 2.3 | Gee die KORREKTE vorm van die woord. | (1) |
| 2.4 | Gee die VERKLEINWOORD. | (1) |
| 2.5 | Gee die INTENSIEWE VORM. | (1) |
| 2.6 | Skryf die KORREKTE vorm van die woord neer. | (1) |
| 2.7 | Skryf die MEERVOUD van die woord neer. | (1) |
| 2.8 | Gee die AFKORTING. | (1) |
| 2.9 | Gee die INTENSIEWE VORM. | (1) |

2.10 Gee die INTENSIEWE VORM. (1)

2.11 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG. (1)

2.12 Gee die MEERVOUD. (1)

2.13 Kies die KORREKTE VOORSETSEL. (1)

2.14 Wat is die TEENOORGESTELDE GESLAG van **mans?** (1)

2.15 Gee ‘n ANTONIEM. (1)

2.16 Gee die VERGROTENDE TRAP. (1)

2.17 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD. (1)

2.18 Voltooi die INFINITIEF. (1)

2.19 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD. (1)

2.20 Wat is die MEERVOUD van **voorvader?** (1)

/20/

**OPDRAG 3**

Verbind die onderstaande sinne deur die VOEGWOORD tussen hakies te gebruik.

3.1 Die troue is lekker. Die mense dans en sing. (omdat)

3.2 Hulle kon nie buite dans nie. Dit het begin reën. (want)

**OPDRAG 4**

4.1 Skryf in die VERLEDE TYD

Mandla trou met ‘n mooi vrou.

4.2 Skryf in die TOEKOMENDE TYD.

Mandla trou met ‘n mooi vrou.

**OPDRAG 5**

Skryf die volgende sinne in die KORREKTE volgorde neer.

5.1 Mandla op ‘n Saterdag het getrou.

5.2 Die gaste gesing en gedans het tot laat in die aand.

**MEMORANDUMS**

**OPDRAG 1**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Soweto | (1) |
| 1.2 | hoë bloeddruk | (1) |
| 1.3 | Daar was te min dokters om die mense te help. | (1) |
| 1.4 | US/Universiteit van Stellenbosch | (1) |
| 1.5 | Wetenskap / Hoe die menslike liggaam werk. (Enige EEN) | (1) |
| 1.6.1 | figuurlik | (1) |
| 1.6.2 | B | (1) |
| 1.7 | Ek geniet dit. | (1) |
| 1.8.1 | D | (1) |
| 1.8.2 | C | (1) |
| 1.8.3 | B | (1) |
| 1.8.4 | A | (1) |
| 1.9 | Haar ouers moes op 'n ander plek gaan werk soek. | (1) |
| 1.10 | Oprah is mooi, vriendelik, warm, snaaks (Enige TWEE) | (2) |
| 1, 11 | Haar ma, ouma en Oprah | (3) |
| 1.12 | Sy sing (in die gospelkoor)/ Sy lees toesprake./Sy kuier saam met vriende/ Sy loop in Kaapstad rond. (Enige EEN) | (1) |
| 1.13 | 1.13.1 Sy is geduldig / hardwerkend / vriendelik (Enige EEN) | (1) |
| | 1.13.2 Sy het baie sukses behaal deur hard te werk. (of soortgelyk) | (1) |
| 1.14 | Sy kan siek mense help./Sy gee om vir mense. (Enige EEN of soortgelyk) | (1) |
| | | **/22/** |

**OPDRAG 2**

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | vriendin | (1) |
| 2.2 | dood | (1) |
| 2.3 | tradisionele | (1) |
| 2.4 | oupatjie | (1) |
| 2.5 | wêreldberoemd | (1) |
| 2.6 | belangrike | (1) |
| 2.7 | mense | (1) |
| 2.8 | Feb. Febr. (Enige EEN) | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 2.9 | goudgeel | (1) |
| 2.10 | grasgroen | (1) |
| 2.11 | vroue / vrouens (Enige EEN) | (1) |
| 2.12 | dae | (1) |
| 2.13 | op | (1) |
| 2.14 | present | (1) |
| 2.15 | groot | (1) |
| 2.16 | mooier | (1) |
| 2.17 | haar | (1) |
| 2.18 | te | (1) |
| 2.19 | sy | (1) |
| 2.20 | voorvaders | (1) |
| | | /20/ |

**OPDRAG 3**

3.1 Die troue is lekker, omdat die mense dans en sing.

3.2 Hulle kon nie buite dans nie, want dit het begin reën.

**OPDRAG 4**

4.1 Mandla het met 'n mooi vrou getrou.

4.2 Mandla sal met 'n mooi vrou trou.

**OPDRAG 5**

5.1 Mandla het op 'n Saterdag getrou.

5.2 Die gaste het gesing en gedans tot laat in die aand.

Oefen, oefen, oefen ... totdat jy gereed is vir enige assessering!
Gebruik ***LEEROOMBLIKKE*** (leer kort / een aspek op 'n slag)
om sukses te behaal.